

'n Brief aan Soteria se setman en sy vrou, Truandi.

Huis ek het dit goed gedink om namens die huis d.w.s. julle iets vandag te sê.

Stephen kom en bevestig ons, met die *knighting* en was ons voete. Wat 'n voorreg om te weet jy is geestelik bevestig ens, alles wat daarmee gepaard gaan is so groot, en dit gebeur nog steeds deurentyd.

Laas week met die laaste aand van die Finansiële Vryheid kursus het my geestelike hart net weer met my setman herkonnekteer en ek het net weer beleef hoekom Abba Vader my aan Stephen gekonnekteer het.

My hoof doel egter met die brief is om iets oor die bou te sê. Dit is een fisiese voorbeeld wat ons kan gebruik om iets te beleef van Stephen en Truandi.

Die bou in algemeen kan ons 'n boek oor skryf, dit is 'n mengelmoes van die fisiese en die geestelike. Kan jy dit glo dat daar met die bou in die fisiese en geestelike heelyd iets gebeur met al die seuns van die huis, en wie sien ons heelyd in die middel van elke prentjie van die boek, Stephen, ja Stephen die man van wie een van sy sterktes self versekerdheid is, hy sê *Stick with me and I'll make you famous*, ek aan die anderkant sê dankie *in time, in this moment you have made me/us rich and famous*.

Verder Nr 1 praat van geloof, in kort ek sê nee Stephen sê ja, hy kry baie druk en vir gebrek aan woorde spanning daarby, ek is rustig in my hoekie maar hy druk..... En siedaar hier staan ons nou met 'n fisiese gebou.

Ek weet ook nie altyd is dit eers die fisiese en dan die geestelike nie maar in die gees is die fundamente geskud, die fisiese mure van hierdie gebou is afgekap en vergroot en ons almal beleef dat die mure in ons lewens gaan opgerig word in ontsaglike krag. Nou ja, vanwaar Gehasi, hoekom het dit nou of uiteindelik gebeur? Ek weet omonwonde dit is omdat die Christus in Stephen uitstap en dit is nie maklik nie maar sonder 'n voorloper wat meeste van die tyd dit ook moeilik het sal dit nie gebeur nie.

Dit wat julle alles opoffer eer ons julle voor en ons weet dit is nie altyd maklik nie maar wel die moeite werd.

Die wat nie weet nie Stephen het die bouprojek omtrent by homself aangepak, al die verantwoordelikheid geneem, aangehou druk vir verbetering of daar geld was of nie, die spanning gedra oor hoe duur bou is, ek het hom bietjie in die vlees gesien, en ook gesien hoe hy dan oor na geloof die gees gaan. Natuurlik as pappa dra dra mamma ook – dus Truandi is ingesluit.

Dankie vir die manier wat julle voorstap, baie keer kom ons dit nie eers agter nie maar na die tyd sien ons net die vrug.

Ten laaste die liedjie vir julle is *Arise My Love*. Dit is vir ons 'n avontuur om te sien waarheen Christus julle gaan ophef, want waar ons nou is as huis is op die toppunt van waar ons kon dink ons ooit sal wees, dit is nou op plekke heen waar ons nog nooit was.

Die skrif gegee vir ons is Lukas 19:17: ***Ongelooflik! Julle was getrou aan myself tot in die heel kleinste dingetjies. Daarom stel ek jou van nou af aan as die hoof oor tien stede in my landgebied.***

Ons eer julle, geniet julle en is baie lief vir julle.

Meer spesifiek ons is baie trots op julle.

Julle geestelike seuns en ons mede broers.